

#15

# Kry frottage onder die knie

Ons wys hoe jy karakter en tekstuur kan skep met hierdie verouderingstegniek.

*Deur* **Nan Day** • *Foto's* **Hugatree Photography en Nan Day**

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- vlootblou mengsel: 1 liter elk Annie Sloan Chalk Paint in Napoleonic Blue en Barcelona Orange
- blou/grys mengsel: 1 liter elk Annie Sloan Chalk Paint in Paris Grey en Louis Blue
- 1 liter Annie Sloan Chalk Paint in Old White
- 500 ml Annie Sloan Clear Wax
- medium- Annie Sloan Chalk Paint Brush
- klein Annie Sloan Chalk Paint Wax Brush
- stel Annie Sloan-skuurkussinkies

**GEREEDSKAP**
- groot plat kwas
- pluisvrye doek
- verfskraper
- bruinpapier (medium-dikte)
- spuitbottel

**MEDIUM**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 5/10
**Vaardigheidsvlak** 6/10
**Tyd nodig** 6 uur

## Só maak jy…











**1** Verwyder enige stof en vuilis deur jou kas goed af te vee met 'n nat lap; laat dit droog word. Wend 'n verdunde laag vlootblou verf aan. Gebruik die groot plat kwas en werk vinnig, in hanteerbare seksies.

**2** Spuit water oor die geverfde oppervlak en druk dan dadelik 'n vel bruinpapier daarop vas. Pas matige druk toe terwyl jy met jou hande oor die papier vryf.

**3** Verwyder die papier. Jy sal sien die verf lyk nou oneweredig en gevlek. Op party plekke sal dit glad wees en op ander 'n growwer voorkoms hê, terwyl dit plek-plek heeltemal verdwyn het.










**4** Verwyder nog verf deur die papier op te frommel en druk-druk oor die oppervlak te beweeg. Herhaal stap 1 tot 4 oor die hele kas, maar gebruik telkens skoon papier. Werk vinnig om sigbare lyne te vermy.

**5** Sodra die eerste laag droog is, wend jy 'n dun laag Clear Wax oraloor aan. Herhaal nou stap 1 tot 4 met die blou/grys mengsel oor die boonste twee derdes van die kas, weer met skoon papier elke keer.

**6** Laat dié laag droog word en wend sagkens 'n laag was aan. Herhaal nou stap 1 tot 4 met Old White oor net minder as twee derdes van die kas. **Onthou** om jou verf te verdun en deurgaans water te spuit.







**7** Skuur en skraap die kas plek-plek met 'n medium-skuurkussinkie en verfskraper om meer van die hout bloot te lê. Skuur die res van die kas met 'n fyn skuurkussinkie.

**8** Wend 'n laaste laag Clear Wax aan oor die hele kas (gebruik die klein Chalk Paint Wax Brush). Rond dit die volgende dag af deur die kas deeglik te poets met 'n pluisvrye lap.

**Wenk** Hierdie tegniek werk op sy beste op hout met 'n oop grein sodat die verf tussen die groefies kan gaan lê. Kies liefs bypassende kleure.

Dié artikel het voorheen in Annie Sloan se *The Colourist* (uitgawe 1) verskyn. Kry jou eksemplaar by Annie Sloan-verskaffers landwyd.

**KONTAK Nan Day** nan@simplyfrench.co.za, Instagram/simplyfrenchsa